DIE WILLE WRAGTIG TOER SAAM MET NIEL DU BOIS IN APRIL 2012:

Ons kamp die eerste aand op Riviersonderend in die reën saam met Robbie en Maude. Toe ons daar aankom, het hulle reeds hulle drie vertrek tent opgeslaan, wat ek en Johanna met hulle op die toer sou deel. Ons kom donker daar by die kampterrein langs die Riviersonderend rivier aan weens my assistensie verantwoordelikhede. Niel staan in die reën en braai ! Min dinge sit hom af !

Alle foto's op hierdie toer geneem en goedgunstiglik aan my beskikbaar gestel deur Anton Gericke.

Niel braai in die reën

Die volgende môre

Die volgende dag ry ons met agterpaaie en oor boere se plase na Bonnievale, waar ons middagete geniet. Daarna weer met agterpaaie tot by Swellendam, waar ons weer in die munisipale kampeerterrein gekamp het. Ons het roetekaarte gekry en elke groep motors wat wou saamry, kon dit saam in hulle eie tyd dit doen. Waar ons moes afdraai het sy bespieders vooruit toilet papier aan pale gedraai om die weg aan te wys

Ons kamp weer saam met Robbie en Maude op Swellendam

Charl en Marié slaan hulle tent op

Daarna deur Suurbraak en Barrydale na Calitzdorp, waar ons oornag en kamp net buite Calitzdorp op 'n plaas.

Op Pad na Calitzdorp kry Limpie se Land Cruiser ’n pap wiel ! Robbie is altyd in die noodhulp span !

Johana en Maude ontspan na ’n besige dag se voëltjies kyk !

Na Calitzdorp ry ons die volgende dag met agterpaaie oor die Kruisrivier en fynbos en oor die Swartbergpas deur na Prins Albert, waar ons middagete geniet. Daarna verder oor Prins Albert Road na Merweville in die Sentrale Karoo, waar ons weer oornag gekamp het.

Johanna, Maude, Robbie en ek op Merweville.

Marlene en Barbara

Van Merweville ry ons oor die Dwyka rivier na Kruispad tot op Matjiesfontein.

Ons geniet ietsie op die Lord Milner Hotel se stoep op Matjiesfontein

Niel oorhandig aan my die houtlepel omdat ek op Buffeljagsrivier ons motor nie aan die gang kon kry nie. Dit het ’n outomatiese ratkas en ek het nie agtergekom dit is nie in “Park” nie !

Niel du Bois, van De Vette Mossel faam, was die inisieerder en organiseerder van hierdie buitengewone toer waarop hy ons en ons vriende genooi het om dit te kom meemaak ! Hy was ook die kok op die toer en en ons kon net smôrens en saans aansit. Baie dankie Niel ! Ons het dit almal baie geniet !

Die volgende môre het almal maar weer hulle koerse huis toe gekry, na ’n baie gesellige naweek deur die agterpaaie !

Terug na Inhoudsopgawe